U3A Stilbaai Nuusbrief: Nr 7, Januarie 2016

Algemene vergadering (AV):

Ons volgende AV sal op Maandag, 25 Januarie 2016, om **09h30 in die Waenhuis plaasvind**

Ons spreker vir Januarie:

Volgende Maandag se praatjie sal deur Mike Lucas aangebied word: *Klimaatsveranderinge in Suid Afrika, insluitende implikasies vir die Overberg en Stilbaai*.
Mike is mede-professor in die Dept Biologiese Wetenskappe by UK. Hy is lid van die International Scientific Committee of Oceanic Research (SCOR), wat op die bevordering van internasionale samewerking in die beplanning en uitvoer van oseanografiese navorsing fokus. Sy eie navorsing fokus op hoe klimaatsveranderinge die mariene omgewing beinvloed, veral met betrekking tot die Atlantiese en Suidelike oseane, en hoe dit gevolglik globale klimaat beinvloed.
Mike is oorspronklik van Engeland en sy praatjie sal dus slegs in Engels wees.

Ledegeld vir die periode tot Mei 2016 is betaalbaar vanaf 09h00. (Dis R30pj, maar net R10 as jy Maandag aansluit.)

Ander sprekers en onderwerpe vir 2016:

- "A Sub-Antarctic Trip to Bouvet Island" : Wendy Wilson
- "A trip to the stone churches in Eastern Ethiopia": Dave Carter
- 'n Wandeltoer deur die Historiese Hawegebied van Stilbaai. Ook geleentheid om 'n paar van die oudste strandhuise te besoek: Hella Dockel

(Die meeste praatjies sal gedeeltelik in Afrikaans en Engels aangebied word.